

Wanneer is dit die einde van die wêreld?

Wederkoms

Maandag 7 Maart 2022

Lees: Mat 24:36-44

Mat 24:36

“Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.”

Christene vra dikwels:

- Wanneer is die wederkoms?
- Wanneer is dit die einde van die wêreld?
- Het ons ‘n datum wanneer dit gaan gebeur?

Om hierop ‘n antwoord te verkry moet ons Mat 24:36-44 lees. In hierdie Skrifgedeelte is daar drie belangrike sinsnedes:

Mat 24:36 “**Maar niemand weet** wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. **Net die Vader weet dit.**”

Mat 24:42 “**Bly dus waaksaam** omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie.”

Mat 24:44 “Om dieselfde rede moet julle ook **altyd gereed wees**, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.”

Dikwels wil ons antwoord hê op bogenoemde vrae, maar die direkte antwoord gaan ons nie in die Skrif kry nie. Want daar staan dat niemand weet wanneer die wederkoms is nie behalwe die Vader in die hemel

Die eerste saak is dat ons nie oor hierdie saak nuuskierig moet wees of alles moet weet nie. God die Vader alleen weet dit. Jesus Christus na sy mensheid het dit ook nie geweet nie alhoewel Hy natuurlik self God is en daarom dit sal weet. Daarom moet ons nie dag ooit wil bepaal nie.

Die vraag is nou hoe moet ons dan leef as ons nie presies weet wanneer dit gaan wees nie?

Hieroor is die Skrif baie duidelik. Ons moet **altyd waaksaam wees**. Om waaksaam te wees moet ons altyd gereed wees. Leef so asof die wederkoms nou, môre, oormôre, baie spoedig gaan plaasvind. Dit beteken ons moet altyd gereed wees vir die wederkoms.

Wat moet jy doen om gereed te wees vir die wederkoms? Voorbereiding geskied deur gehoorsaamheid aan God. Dit beteken om vir God te leef. Leef tot sy eer. Leef uit die Woord en in gebed en gehoorsaamheid en in afhanklikheid van God. Bid elke dag! Lees jou Bybel elke dag! Voeg jou by ‘n gemeente om saam met medegelowiges God te dien en die verklaring van die Woord te hoor.

Drie voorbeeld word genoem hoekom mense nie voorbereid is en was vir gebeure nie:

- In die dae van Noag het die mens, maar geleef soos wat hulle wou. Hulle het hulle nie aan God en sy gebod gesteur nie. Hulle het net vir hulle eie plesier en voordeel gelewe.
- Die voorbeeld dat daar ‘n skeiding selfs in huwelike en huisgesinne sal wees.
- Derdens word die voorbeeld van ‘n huiseienaar gebruik wat nie geweet het wanneer die diewe sal inbreek nie, hy moet altyd gereed wees.

Die vraag is, is jy gereed vir die wederkoms?

- Maak jy erns met jou voorbereiding vir die wederkoms?
- Lees jy gereeld Bybel en bid jy gereeld en leef jy in ‘n intieme verhouding met God?
- Kom ons bekeer ons en maak gereed.
- Die presiese datum sal ons nooit weet nie, maar dat die tyd naby is, dit weet ons verseker.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com